

Skriflesing: Jesaja 22: 15-25; Mattheus 16: 13-20
Heidelbergse Kategismus: Sondag 31
Sing- Ps. 18:20; Ps. 81:9,12 Sb. 43:1 (15-7:1)

PSALMS vir Gerf kerk Bet-El
Ps. 18:20; Ps. 81:9,12; Ps. 32:1,3; Ps. 119:5

Jesaja 22:15-25

Isa 22:15 So sê die Here, die HERE van die leërskaar: Kom, gaan in by daardie bestuurder, by Sebna, wat oor die paleis aangestel is, en sê:

Isa 22:16 Wat het jy hier, en wie het jy hier, dat jy vir jou hier 'n graf uitgekap het soos een wat in die hoogte sy graf uitkap, wat in die rots vir hom 'n woning uithol?

Isa 22:17 Kyk, die HERE sal jou wegslinger, soos 'n man iets wegslinger, en jou vas inmekaar rol,

Isa 22:18 jou vas inmekaar draai soos 'n tol garing, jou soos 'n bal wegslinger na 'n land wat alkante toe wyd is; daar sal jy sterwe, en daar sal jou pronkwaens wees, o skandvlek van die huis van jou heer!

Isa 22:19 En Ek sal jou wegstoot uit jou pos, en uit jou plek sal Hy jou wegruk.

Isa 22:20 En in dié dag sal Ek my kneg Eljakim, die seun van Hilkia, roep;

Isa 22:21 en Ek sal hom jou gewaad aantrek en hom gord met jou gordel, en jou mag sal Ek in sy hand lê, en hy sal vir die inwoners van Jerusalem en vir die huis van Juda 'n vader wees.

Isa 22:22 En Ek sal die sleutel van die huis van Dawid op sy skouer lê; en hy sal oopmaak, en niemand sal sluit nie; en hy sal sluit, en niemand sal oopmaak nie.

Isa 22:23 En Ek sal hom inslaan soos 'n pen in 'n vaste plek, en hy sal 'n eretoon wees vir die huis van sy vader.

Isa 22:24 En hulle sal aan hom ophang die hele swaarte van die huis van sy vader, die spruite en die wilde lote, al die klein huisraad, van komme af tot allerhande kruike toe.

Isa 22:25 In dié dag, spreek die HERE van die leërskaar, sal die pen padgee wat in 'n vaste plek ingeslaan is: dit word afgebreek en val, en die drag goed wat daaraan hang, raak tot niet, want die HERE het dit gespreek.

Mattheus 16:13-20

Mat 16:13 En toe Jesus in die streke van Cesaréa-Filippi kom, vra Hy sy dissipels en sê: Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is?

Mat 16:14 En hulle antwoord: Sommige Johannes die Doper, en sommige Elia, en ander Jeremia of een van die profete.

Mat 16:15 Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek?

Mat 16:16 En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God.

Mat 16:17 Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is.

Mat 16:18 En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.

Mat 16:19 En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbunde wees.

Mat 16:20 Daarop het Hy sy dissipels bevel gegee dat hulle vir niemand moes sê dat Hy Jesus die Christus is nie.

Die kerklike tug (Sondag 31)

Sondag: 31 - VRAAG EN ANTWOORD: 83

Vraag: Wat is die sleutels van die koninkryk van die hemele?

Antwoord: Die verkondiging van die heilige evangelie en die Christelike tug. Met albei

hierdie handeling word die koninkryk van die hemel vir die gelowiges oopgesluit en vir die ongelowiges toegesluit.

Sondag: 31 - VRAAG EN ANTWOORD: 84

Vraag: *Hoe word die koninkryk van die hemel deur die verkondiging van die heilige evangelie oop- en toegesluit?*

Antwoord: Volgens die bevel van Christus word aan die gelowiges gesamentlik en afsonderlik verkondig en openlik betuig dat al hulle sondes hulle waarlik deur God ter wille van die verdienste van Christus vergewe is so dikwels as wat hulle die belofte van die evangelie met 'n ware geloof aanneem. Daarenteen word aan al die ongelowiges en huigelaars verkondig dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank hulle hulle nie bekeer nie.

Sondag: 31 - VRAAG EN ANTWOORD: 85

Vraag: *Hoe word die koninkryk deur die Christelike tug toe- en oopgesluit?*

Antwoord: Volgens die bevel van Christus word die wat die naam Christen dra en tog 'n onchristelike leer huldig of hulle onchristelik gedra eers herhaalde kere broederlik vermaan. As hulle egter nie van hulle dwalinge of skandelige lewe wil afsien nie, moet dit aan die gemeente of aan die wat deur die gemeente daarvoor aangewys is, gesê word. As hulle hulle ook nie aan laasgenoemde se vermaninge steur nie, word hulle nie langer tot die heilige sakramente toegelaat nie en uit die Christelike gemeente en deur God self uit die ryk van Christus uitgesluit. Hulle word weer as lede van Christus en sy gemeente aangeneem wanneer hulle werklike verbetering beloof en bewys.

Skriflesing: Jesaja 22: 15-25; Mattheus 16: 13-20

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 31**

Sing- Ps. 18:20; Ps. 81:9,12 Sb. 43:1 (15-7:1)

PSALMS vir Gerf kerk Bet-El

Ps. 18:20; Ps. 81:9,12; Ps. 32:1,3; Ps. 119:5

As ons die belydenis van Sondag 31 binnegaan, broeder en suster, dan is ons op Koninkryksgrond. Die eerste keer in die Heidelbergse Kategismus word die Koninkryk by name genoem, met dan die gedagte van ons kan daar binnegaan. Die belydenis het 'n baie mooi beeld, as ons die Koninkryk wil binnekom, want iemand wat by 'n geslote deur wil ingaan moet 'n sleutel van die deur besit.

Die Koninkryk besit ook sleutels, Koninkryk sleutels wat oopsluit, maar ook toesluit, maar wat toegesluit is, kan ook weer oopgesluit word. Wat is by name die sleutels waarvan ons in die belydenis praat. Dit is die verkondiging van die Woord en die kerklike tug. U hoor, twee sleutels, maar eintlik het hierdie sleutels net een sleutel waarvan hulle gemaak is en die sleutels is gemaak van die Woord van God. Die Woord van God is die looper waarop albei

sleutels moet pas. Met die Woord van God staan alles, daarby moet alles inval. Niks van die Woord van God kan weggeenem of daarby gevoeg word nie.

Net in die vorige Sondag word bely dat daar mense is, wat nie na die nagmaalstafel mag kom nie. Die Nagmaalstafel dra 'n geslote karakter, want mense wat met hulle geloof, met hulle leefwyse die verbond van God ontheilig, moet volgens die BEVEL van Christus en sy apostels van die Nagmaalstafel weggehou word. Ons is VERPLIG daartoe (V/A 82), totdat daardie mense verbetering van hulle lewe bewys.

Ons hoor sterk woorde. Ons hoor dat Christus dit **beveel** het, ons hoor dat ons is **verplig** om die sleutels te laat werk deur mense van die Nagmaalstafel weg te hou en nou kom Sondag 31 en maak dit nog duideliker deur die sleutels te laat oopsluit en toesluit en wat toegesluit is, kan ook weer oopgesluit word. En die sleutel werk op koninkryk deure, maar die kerk moet die sleutels hanteer. Hierdie kerkraad van ouderlinge is verplig daartoe, anders kom die oordeel van God op ons as ouderlinge af, omdat ons die sleutels wou laat verroes. Ons wat die Here as die wagters op die mure geplaas het. (Eseg.33)

Maar u as gemeente, gesalf met die Heilige Gees, u wat staan in die amp van gelowige, wat alle ander ampte voorafgaan, God verwag van u die hoogste wagters rol! By u moet die tug begin. Julle, die wagters moet sorg dra dat daar gedurig suiwere Woordverkondiging moet wees, dat daar gedurig suiwere sakrament vieringe plaasvind, dat daar gedurig sprake moet wees van die kerklike tug. Anders raak die kerk vals, die skyn kerk is so gevaarlik, want die ware wynstok Jesus Christus wil gedurig sien dat sy kerk met snoeiwerk besig is...Hoe sê Jesus dan Self (die bekende Johannes 15) – *Ek is die ware wynstok en my Vader die landbouer. Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra....*Die wegneem, die skoonmaak en die latere verdroging en verbranding by 'n wingerd, dit staan in die kerk bekend as oopmaak of toemaak. Een en dieselfde handeling waarvan Jesus praat, is hier vir ons om in die kerk uit te voer. Die kerk moet met hierdie gedurige snoeiwerk baie besig wees. Die kerk wat in Christus wil bly.

En nou begin dit op 'n baie positiewe wyse. Bly in Christus....bly in My, by herhaling sê Jesus dit – *Bly in My soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit*

in My nie bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie En weer – Wie in my bly en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.....

God, dié God van die positiewe, wat selfs sy uitverkiesing positief laat werk. Want die uitverkiesing, kom na ons met die karakter van die verbond en die verbond is juis nie daar om uit te sluit nie, maar om in te sluit, om 'n mens in Christus te laat bly....Om die koninkryk oop te maak, want uitverkiesing sluit nie toe nie, maar dit laat hoor – AS JY WIL GLO, SAL JY OOK KÁN! En is die vertrekpunt beslis nie dat as God my nie uitverkies het nie, sal ek tog nie kan glo nie, al wil ek hoe graag. So 'n standpunt maak die uitverkiesing deterministies, nog erger dit maak van God 'n despoot.

As ons aan die uitverkiesing dink, dink positief dat die uitverkiesing wil God in sy alvermoë bekendmaak as die God wat nie 'n despoot is nie, maar beslis ook nie vir my sal soebat nie, maar Hy is die grote God wat met kleine mensies op 'n besondere wyse werk en in sy genadeverbond vir my by die warmte van sy huisgesin wil intrek. En die sleutelmag waarmee Sondag 31 oopsluit of toesluit en omgekeerd is ook maar net GENADE - MAG wat God aan sy kerk verleen het. Die wonderlike verhouding tussen God en sy kerk, Jesus en sy Bruid, is dat God al die mag besit, maar dat hierdie soewereine mag van God nie die mens se verantwoordelikheid ophef nie. God is so groot dat Hy sy soewereine beskikking en die mens se verantwoordelikheid sonder botsing langs mekaar kan handhaaf.

Met hierdie positiewe vertrekpunt kom Sondag 31 en maak die Koninkryk van God oop. Daar word eerste gepraat van oopsluit voordat daar van toesluit gepraat kan word. En die oopsluit begin, waar alles begin en dit by die Woord van God. Die Woord van God moet verkondig word. In sy lengte, sy breedte, maar ook in sy skerpte, dat hulle wat die verlossing in Christus wil afstomp besig is om met die droë hout van hulle geloof vir hulleself die hel se vure aan te steek.

Maar aan die verbond kinders, aan die gelowiges, gesamentlik en afsonderlik mag verkondig word en openlik betuig word dat al hulle sondes hulle waarlik deur God ter wille van die verdienste van Christus vergewe is (maar let op die mens se verantwoordelikheid bly, want ons bely ook -) **so dikwels as wat hulle die belofte van die evangelie met 'n ware geloof aanneem.**

Elke keer waar die Woord suiwer verkondig word en suiwer geglo word, kan 'n mens instap by oop koninkryk deure, soos wat Eljakim verantwoordelik was om Dawid se paleis deure geleë op Sion heuwel; half een kant van Jerusalem, oop te sluit. 'n Interessante stukkie geskiedenis vind hier plaas, want die deurwagter Sebna, het eerste die sleutels gedra, maar hy was iemand wat homself in sy amp wou verryk, hy was ontrou, daarom Jesaja se oordeel. Hy kom onder tug! Hy moet weggeslinger word, soos wat ek 'n klip van my kan weggooi, erger nog, Sebna moet opgefroemel word, vas inmekaar gerol word. En Eljakim kom in Sebna se plek, hy ontvang die sleutel van Dawid se paleis deure, wat maar net 'n skaduwee was van God se koninkryk deure. Hoe mooi staan dit hier – *En Ek sal die sleutel van die huis van Dawid op sy skouer lê; en hy sal oopmaak en niemand sal sluit nie; en hy sal sluit en niemand sal oopmaak nie.*

En as Jesus met Petrus praat, dan is Petrus voor die Eljakim gebeure. Petrus word deur Jesus daarmee gelykgestel, dat op grond van sy belydenis, dat Christus die Seun van die lewende God is, daardie geloof maak die koninkryk vir Petrus oop. Petrus ontvang die koninkryk sleutels, dit word op Petrus se skouer gelê dat sy rotsvaste belydenis dit vir die kerk noodsaaklik maak om die koninkryk sleutels te hanteer, om die koninkryk oop te sluit en toe te sluit. Daardie geloof gee aan Petrus en al die apostels 'n sleutel bevoegdheid waarmee hulle nou die wêreld moet ingaan. Die rotsvaste geloof dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God, is die enigste grond van ons as kerk se belydenis, waarom ons vandag ook dieselfde koninkryk sleutels as Petrus ontvang het om te hanteer. Ons moet die heilige evangelie verkondig, ons moet die kerklike tug toepas. Ons is hieraan gebind! Hieraan is die hemel ook gebonde. Maar as iemand die geloof (of die belydenis) loslaat dat Jesus die Seun van God is, so 'n mens is in die hemel net so ontbonde soos aan die kerk. Dié mens sal die binnekant van die hemel nie sien nie.

Maar dit moet prakties vir die mens gesê word, die mens moet daarop gewys word, gewaarsku word dat God sy hemele vir hom/haar kan toesluit. En dit gebeur by die tweede sleutel, waar die verkondiging van die Woord ook prakties oorgaan tot die tug, die tweede sleutel van God se Koninkryk. En God in sy liefde, God in sy verbond is by hierdie tweede sleutel nog net so teenwoordig en aan die werk soos by die eerste sleutel waar God se Woord onvervals, skerp en reguit, met begrip van sonde, swakheid en genade verkondig moet word.

Iemand wat onder die tug verkeer is nie deur God halfpad afgeskryf nie, maar so iemand moet juis gewys word op die liefde van God, in Christus, vir jou, sondaarmens! By die tug kom die mens se verantwoordelikheid na vore, dat die mens moet antwoord op God se liefdes aanbod van ewige redding en verlossing deur Jesus Christus. Waar dit by die verkondiging van die Woord gaan om God se liefde vir my, gaan dit by die tug om my liefde vir God, met dan die toepassing soos Paulus dit in 1 Korintiërs 16:22 saamvat – ***22 As iemand die Here Jesus Christus nie liefhet nie, laat hom 'n vervloeking wees!***

Dit gaan in alles om God lief te hê. As ons hierdie onbeskryflike groot liefde van God ignoreer, minag of roekeloos wegklap, is ons volgens Paulus vervloektes op wie die ewige oordeel van God wag. En iemand wat deur God vervloek is, omdat die mense se handel en wandel teen God vloek, moet uit die kerk geweer word. In dieselfde 1 Korintiërs 5 is Paulus duidelik met sy opdrag – ***Verwyder die slegte mense onder julle uit....***

En in besonder geld die opdrag vir die ouderlinge, maar eers nadat die selftug en die onderlinge tug nie werk nie. In alles moet ek myself kan tug, myself in toom kan hou. Trouens die hoogste vrug van die Heilige Gees word nie verniet selfbeheersing genoem nie. As ek myself tugtig dan sal ek bereid wees om ook wanneer ek sondig, hoe grof of minder grof ook al, hoe openbaar of geheim ook al, daadwerklik berou te toon oor my sonde en met alle mag sal ek daarteen wil stry. Wie hierdie selftug weier, wie weier om oor sy sonde berou te toon, maar juis onverskillig daarmee aanhou, oor so iemand kom die kerklike tug, met dan ook eers weer die ouderlinge tug, voordat dit nou maar sommer aan 'n kerkraad oorgegee word om met die sondaar te handel.

En die krag van die Heilige Gees moet hoegenaamd nie by die onderlinge tug gering geskat word nie, want waar twee of drie in God se Naam vergader, daar is God Self teenwoordig, al beteken die teenwoordigheid dat daar onderling getug moet word. Ons is gesalf met die Heilige Gees, daarom is ons gelowiges, geroepenes en dit maak elkeen in hierdie kerk geroepe om oor mekaar die wag te hou. Om mekaar se oppassers te wees, al wou Kain dit in sy lewenshouding brutaal ontken. God het 'n opdrag soos in Hebreërs ook staan – ***Laat ons ook na mekaar omsien*** (die letterlike vertaling lui) – ***laat ons ook op mekaar spioeneer deur***

mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade....Ons moet mekaar aanmoedig om daarheen
 (dit is na die eredienste) ***te gaan....***(Hebr. 10:24,25).

En as met die onderlinge tug volhard word, maar dit blyk nog steeds sonde te wees wat by die sondaar groei, hy/sy volhard deur die doodsgneur wat hulle saamdra, dan kom die twee laaste stappe ter sprake, stappe wat ook weer bestaan uit trappe, in die kerktaal genoem, trappe van sensuur. Die eerste stap van 'n kerkraad begin by afhouding van sakramente, van stemreg, met nog steeds aanhoudende broederlike vermaning. Daarmee mag nie opgehou word nie, maar dit moet eerder meer word, opgebou word, totdat die saak die rypheid bereik waarin of die sondaar nie anders kan as om berou te toon nie, of waar die sondaar so duidelik met sy sonde wil volhard en nie van sy dwalings en/of skandelike lewe wil afsien nie.

As die sonde in die gemeente genoem word en selfs die naam van die sondaar word later genoem om vir hom/haar te bid en geen terugkeer of regmaak vind plaas nie, dan het die tug vol geword. Dan moet afgekondig word met die formulier vir ban of uitsnyding, dat daarvan hierdie droë hout uit die kerk van die Here ontslae geraak moes word, op bevel van Christus. Die hemel of die hel kom op die spel. Iemand word uit die kerk uitgesluit, wat homself/haarself eintlik in beginsel self alreeds uitgesluit het, dit word eintlik basies net bevestig dat die persoon wat homself/haarself uitgesluit het, nou uitgesluit word. So 'n uitspraak is so vol, dat sou 'n mens nog nie eers weer daardie laaste broederlike vermaning laat plaasvind het, dan moet nog met die daad gewag word, maar dit moet gedoen word, as God die oortuiging lê dat die uitsluiting moet volg.

Maar tot op die laaste is God 'n God van genade. Sy liefde so sonder grens, sy genade so sonder perk. Tot op die laaste by wyse van spreuke, kan die deure van die koninkryk vir iemand oopgeruk word, soos vir die misdadiger aan die kruis – ***Voorwaar jy sal vandag saam met My in die paradys wees....***Watter openinge kan God maak, Hy is die God wat selfs droë hout uit 'n vuur kan ruk en die mens kan die kleed van sonde uittrek, om dit nooit weer aan te trek nie. Sulke mense is weer ten volle lid van die liggaam van Christus, hulle lewe bewys dit, hulle belof dit. Ook op gesag van Christus word die kerk, néé word die koninkryk deure weer oopgemaak.

AMEN